NUUS | SAOU | NEWS

LIMPOPO

☎012 436-0900 / 086 072 6843; 086 557 1017; saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

13 JANUARIE / JANUARY 2017 NIB 1 / 2017

WELKOM TERUG / WELCOME BACK!

Die SAOU (Limpopo) verwelkom alle lede terug na die heerlike, nat, somervakansie! Mag 2017 die jaar van ongekende oorwinnings wees, op persoonlike en professionele gebied. Ons dank die Vader dat u veilig terug is.

Ons dink aan al die lede wat hulle eie kinders vir die eerste keer by die dagmoeder, kleuterskool, laerskool, hoërskool of universiteit moes gaan aflaai. Moedhou, die trane raak weldra minder.

Neem asb. kennis dat Mnr Antoon Coetzee, wat die SAOU Limpopo se voltydse vakbondverteenwoordiger was, einde Desember 2016 afgetree het, en verhuis het na Somerset-Wes. Ons beste wense vergesel Antoon op die nuwe avonture wat vir hom voorlê.

Alle navrae moet aan die SAOU Limpopo kantoor gerig word.

The SAOU (Limpopo) wants to welcome all members back after the restorative and wet summer break! May 2017 proof to be the year of unsurpassed triumphs on a personal and professional level. We thank the Lord for your safe return.

We are mindful of members who have had to take their own offspring to day-care, nursery school, primary school, high school or university for the first time. Chin up, the tears do subside eventually.

Please note that Mr Antoon Coetzee, who was the SAOU Limpopo fulltime shop steward, retired at the end of December 2016, and moved to Somerset West. Our best wishes accompany Antoon on the new adventures that await him.

All enquiries should be directed to the SAOU Limpopo office.

Matriekuitslae / Matric results

Die SAOU (Limpopo) is grootbors trots op ons ledeskole met hulle prag uitslae in die afgelope matriek eksamen.

Die analise van die provinsie se uitslae is nog nie beskikbaar nie, maar dit is bekend dat Frikkie Meyer HS (Thabazimbi) en Ben Viljoen HS (Groblersdal) 100% slaagsyfer behaal het. Baie geluk!

The SAOU (Limpopo) is enormously proud of the member schools' results in the recent matric exams.

The analysis of the province is not available yet, but it is known that Frikkie Meyer High School (Thabazimbi) and Ben Viljoen High School (Groblersdal) attained 100 % pass rate. Congratulations!

Provinsiale Sekretaris / Provincial Secretary: Wilma Henn – WilmaH@saou.co.za – 083 407 5529
Provinsiale Admin Assistant / Provincial Admin Assistant: Trudie van den Berg –TrudievdB@saou.co.za – 012 – 436 0900

Nuutaangestelde Hoofde / Newly appointed Principals

Baie geluk aan die volgende lede met hulle aanstellings as **hoofde** by die onderskeie skole:

- **Mnr Werner Christou** (Piet Hugo Laerskool)
- **Mnr Rudi Fick** (Pietersburg Comprehensive School)
- **Mnr Jimmy Steele** (Piet Potgieter Hoërskool)
- **Mnr Johan Pieterse** (Ohrigstad Laerskool)
- **Mev Isabel Boshoff** (Susan Strijdom Spesiale Skool) en
- **Mnr Hennie Combrink** (Akademia Reformia)

Dit blyk dat sekere distrikte se aanstellings vir adjunkhoofde en departementshoofde nog nie gefinaliseer is nie.

Congratulations to the following members dually appointed as **principals** at the following schools:

- **Mr Werner Christou** (Piet Hugo Primary School)
- **Mr Rudi Fick** (Pietersburg Comprehensive School)
- **Mr Jimmy Steele** (Piet Potgieter High school)
- **Mr Johan Pieterse** (Ohrigstad Primary School)
- **Ms Isabel Boshoff** (Susan Strijdom Special School) and
- **Mr Hennie Combrink** (Academia Reformia)

It seems that certain districts' appointments for deputy principals and heads of departments have not yet been finalized.

Opleiding / Training

Opleiding en bemagtigingsgeleenthede in die 1ste Kwartaal

Lede moet kennis neem van die volgende opleidings geleenthede wat gedurende die 1e kwartaal gaan plaasvind in die provinsie:

<u>Skoolverteenwoordiger opleiding:</u>

- 20 Feb – Waterberg distrik
- 21 Feb – Vhembe distrik
- 22 Feb – Mopani distrik
- 23 Feb – Sekhukhune/Riba Cross distrikte

Hou asb 'n volgende Nuus in die Branding dop vir onderwerpe, plekke en tye van aanbieding. Hierdie opleiding is spesifiek gerig op die pligte en verantwoordelikhede van die SAOU vakbond verteenwoordiger by elke skool. Die tydsduur ± 3½ ure.

Neem ook kennis: Die driejaar termyn van die huidige SAOU-verteenwoordigers het verstryk einde Desember 2016.

'n Nuusbrief sal binnekort volg wat handel oor die verkiesing van nuwe skoolverteenwoordigers.

Empowerment and training opportunities in the 1st Term

Members must take note of the following training opportunities during the 1st term in the province:

<u>School representative (shop steward) training:</u>

- 20 Feb – Waterberg district
- 21 Feb – Vhembe district
- 22 Feb – Mopani district
- 23 Feb – Sekhukhune/ Riba Cross districts

Please keep an eye out for another Nuus in die Branding for the themes, venues and times of these presentations. This empowerment opportunity will specifically focus on the responsibilities and role of the SAOU shop steward in the workplace. Approximately 3½ hours.

Please also take note: The three-year term of the current SAOU school representatives expired at the end December 2016.

A newsletter will follow shortly dealing with the election of new school representatives.

Provinsiale Sekretaris / Provincial Secretary: Wilma Henn – WilmaH@saou.co.za – 083 407 5529
Provinsiale Admin Assistant / Provincial Admin Assistant: Trudie van den Berg –TrudievdB@saou.co.za – 012 – 436 0900

Opleiding vir Departementshoofde:

- 9 Feb – Noordelike distrikte (Capricorn, Vhembe, Mopani)
- 10 Feb – Suidelike distrikte (Waterberg, Sekhukhune, Riba Cross)

Daar sal ter gelegener tyd 'n Nuus in die Branding verskyn wat die inhoud asook die tye en plekke van aanbieding sal aandui. Hierdie opleiding is spesifiek gerig op die pligte en verantwoordelikhede van departementshoofde, departementeel of beheerliggaam, nuwe of lank bestaande aanstellings. Dit sal 'n verdeelde sessie wees, maw die Laerskole en Hoërskole word apart opgelei. Die tydsduur ± 3 ure.

Opleiding vir nuutaangestelde hoofde en adjunk-hoofde:
22 Maart – Mokopane (8 ure sessie)

Training for Heads of Departments:

- 9 Feb – Northern districts (Capricorn, Vhembe, Mopani)
- 10 Feb – Southern districts (Waterberg, Sekhukhune, Riba Cross)

There will in due time be a Nuus in die Branding regarding the content, times and venues of these presentations. This empowerment opportunity is specifically aimed at the responsibilities and the role of the head of department at the school, whether that person was appointed by the department, the governing body, long ago or recently, and it will be approximately a 3 hours session.

Training for newly appointed principals and deputy principals:
22 March – Mokopane (8 hour session)

Nasieners / Markers

Groot dank aan al die nasieners wat ure der ure geswoeg het met assesserings sodat die leerders en ouers met geruste harte, of nie, kon gaan ontspan die vakansie. Vir daardie lede wat matriekvraestelle nagesien het, baie dankie vir julle bereidwilligheid om julle tyd, kennis en vaardigheid aan te wend vir ons leerders en hulle toekoms.

Indien daar enige probleme met die betaling van die matriek nasieners is, kontak gerus die kantoor by 012 436 0900 (vra vir Wilma) of epos julle navrae na wilmah@saou.co.za.

Thank you to all markers who spent hours and hours struggling through assessment tasks so that learners and their parents can relax in peace, or not. For those members who marked the matric papers, thank you for your willingness to apply your time, knowledge and skills towards the future of our children.

If there are members who are experiencing difficulty in receiving their payment in this regard, please contact Wilma at 012 – 436 0900 or email at wilmah@saou.co.za.

Provinsiale Sekretaris / Provincial Secretary: Wilma Henn – WilmaH@saou.co.za – 083 407 5529
Provinsiale Admin Assistant / Provincial Admin Assistant: Trudie van den Berg –TrudievdB@saou.co.za – 012 – 436 0900